UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE
REGLEMENT: Wetenskaplike reis en publikasie aansporingsfonds

Hierdie reglement, die Wetenskaplike Reis en Publikasie Aansporingsfonds (hierna genoem "die Fonds"), vervang alle vorige reglemente.

1. DOELWIT

Om kongresreise en kort (minder as 2 maande) navorsings-verwante besoeke oorsee gedeeltelik te befonds en om die publikasie van navorsingsresultate in Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO)-geakkrediteerde eweknie-geëvalueerde vaktydskrifte te beloon.

2. BESTUUR EN ADMINISTRASIE

Die Visie-Dekaan (Navorsing) is verantwoordelik vir die bestuur van die Fonds. Toekennings sal op 'n kompeterende basis gemaak word, gebaseer op meriete en die beskikbare begroting. Motiverings deur afdelings- en departementele voorsitters sal in ag geneem word.

3. KWALIFISERING

3.1 Kwalifiserende kandidate vir navorsingsverwante reis is:

a) FGW personeel (US of gesamentlike diensstaat)
b) FGW nagraadse studente op honneurs, meesters of doktorale vlak, of na-doktorale genote (sien 5.1 f)

3.2 Kwalifiserende kandidate vir publikasie aansporingsbonusse is:

a) FGW personeel (US of gesamentlike diensstaat) wat 10 of minder eweknie-geëvalueerde publikasies ten tyde van die aansoek het en wat eerste outeur op die geakkrediteerde gepubliseerde artikel is
b) FGW nagraadse studente op honneurs, meesters of doktorale vlak, of na-doktorale genote en wat eerste outeur op die geakkrediteerde gepubliseerde artikel is
c) FGW personeel (US of gesamentlike diensstaat) wat 'n mede-outeur EN primêre studieleier van 'n nagraadse student is, laasgenoemde wat eerste outeur van die geakkrediteerde gepubliseerde artikel moet wees

4. SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE

Aansoeke op die nuutste weergawe van die relevante vorm moet by die Afdeling Navorsingsontwikkeling en –steun (Tygerberg) ingehandig word tydens vier siklusse:
1 Maart (vir reis tussen 1 April en 31 Julie)
1 Junie (vir reis tussen 1 Julie en 31 Oktober)
1 September (vir reis tussen 1 Oktober en 31 Desember)
1 Desember (vir reis tussen 1 Januarie en 30 April)

Aansoeke tot die Fonds vir gepubliseerde artikels moet teen een van bogenoemde sperdatums ingedien word, sodra die finale gepubliseerde artikel verskyn het.

5. RIGLYNE EN OORWEGINGS VIR TOEKENNINGS

5.1 Die volgende riglyne geld vir navorsingsverwante reis:

a) Aansoeke vir kongresbywoning om ‘n referaat of ‘n ander aanvaarbare vorm van verslagdoening van navorsingsresultate aan te bied, sal voorkeur geniet
b) Ander navorsings-verwante reis, bv. kort besoeke vir die aanleer van ‘n navorsingstegniek of ter bevordering van navorsingsamewerking, sal ook oorweeg word
c) Slegs een toekenning per persoon vir internasionale reis en een vir nasionale reis sal normaalweg in dieselfde jaar oorweeg word
d) Geen toekenning vir òf nasionale òf internasionale reis sal gemaak word alvorens ‘n verslag van vorige reis wat deur die Fonds ondersteun is, ontvang en goedgekeur is nie
e) Herhaalde toekennings vir internasionale reis sal onderhewig wees aan die aansoeker se onlangse navorsingspublikasie uitsette. Aansoekers behoort ten minste te kan bewys dat ‘n artikel by ‘n geakkrediteerde vaktydskrif ingedien is in die jaar wat die aansoek voorafgaan
f) Nagraadse studente mag steeds tot die Fonds vir kongresondersteuning aansoek doen tot en met 6 maande na die gradueringsdatum, MITS geskrewe motivering vanaf die studieleier ontvang is

5.2 Die volgende riglyne geld vir publikasie aansporingsbonusse:

a) Aansoeke moet vergesel word deur ‘n kopie van die gepubliseerde artikel soos dit in die vaktydskrif verskyn
b) Publikasie aansporingsbonusse sal slegs toegeken word vir artikels wat kwalifiseer vir subsidie van die DHOO volgens hul kriteria ten tyde van die publikasie
c) Publikasie aansporingsbonusse sal slegs aan eerste outeurs of primêre studieleiers toegeken word soos uiteengesit in afdeling 3.2
d) Publikasie aansporingsbonusse sal nie toegeken word vir artikels wat meer as 12 maande voor die aansoek ontvang is, gepubliseer is nie

6. VERSLAG NA AFLOOP VAN BYWONING VAN ‘N KONGRES OF WETENSKAPLIKE BESOEK

6.1 ‘n Verslag word van elke person wat ondersteuning van die Fonds vir wetenskaplike reis ontvang het vereis binne ‘n periode van 3 maande na afloop van die betrokke reis.

6.2 Die verslag (van nie meer as twee getikte A4 bladsye nie) behoort ‘n kritiese evaluering van die kongresverrigtinge of navorsingsbesoek te wees, en behoort met kollegas binne die betrokke navorsingsgroep/departement/afdeling/sentrum/eenheid gedeel te word.

7. GETAL AANSOEKERS VIR INTERNASIONALE KONGRESSE ONDERSTEUN

7.1 In die geval waar meer as een aansoek vanaf ‘n enkele departement vir internasionale reis ontvang word, sal die Uitvoerende Hoof van die betrokke departement genader word om oor die meriete van die aansoeke te rapporteer, ten einde ‘n finale besluit oor wie befonds behoort te word te kan bewerkstellig.

7.2 ‘n Maksimum van twee persone van dieselfde departement sal befonds word om dieselfde internasionale kongres by te woon, en ‘n maksimum van vier persone van dieselfde departement sal ondersteun word om dieselfde nasionale kongres by te woon.

8. LUGVERVOER EN DAGGELDE

Daar word van aansoekers verwag om die billikste lugvervoer tariewe te bekom en van gebruik te maak. Die Universiteit se riglyne behoort die daggelde en grondvervoer te dikteer.

9. MAKSIMUM TOEKENNINGS

9.1 Nasionale vervoer:
Die maksimum toekenning vir plaaslike reis (vervoer, daggelde en registrasie) is vasgestel op R5,000. *Let asb. daarop dat besoeke aan Namibië, Lesotho en Swaziland as plaaslike reis beskou word.*

9.2 Internasionale vervoer:
Die maksimum toekenning vir internasionale reis (vervoer, daggelde en registrasie) is vasgestel op R15,000.

9.3 Publikasie aansporingsbonusse:
Die toekenning vir 'n kwalifiserende eerste outeur is R5,000 per kwalifiserende artikel, terwyl die toekenning vir 'n kwalifiserende studieleier R2,000 is. Elke aansoeker mag hoogstens twee publikasie aansporingsbonus-toekennings per jaar kry.

(Aansoekers word aangemoedig om vir die universiteitswye Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) toekennings vir navorsings-verwante reis en die NRF KIC program aansoek te doen om bykomende fondse te verkry. Kontakpersoon: ***Lizél Kleingbiel*** *by 021-808 2105 of lizelk@sun.ac.za.)*